

Redakteursnota

In die vorige uitgawe, Junie 2022, het die redaksie ’n ope uitnodiging aan lesers gerig om te reageer op die meningsartikel van prof. Chris Brink, voormalige rektor aan die Universiteit Stellenbosch (2002–2007), oor “die twintig jaar van openbare taaldebate op Stellenbosch” (p. 411). In hierdie uitgawe publiseer ons die reaksie van dr. Edwin Hertzog, voormalige voorsitter en ondervoorsitter van die Raad van die Universiteit Stellenbosch (2000–2008).

Dr. Hertzog se uiteindelige bevinding is “dat die aanpassings wat gedurende prof. Brink se termyn aan die taalbeleid gemaak is, nodig en in die beste belang van die universiteit was” (p. 608). Hy vind dit wel jammer dat “die akademiese onderbou van Afrikaans in die proses onder druk gekom het” (p. 608).

Twintig jaar later het die tersiêre landskap in Suid-Afrika onherroeplik verander en is Afrikaans as wetenskapstaal ongetwyfeld onder druk. Nietemin is daar die afgelope twintig jaar ook verskeie inisiatiewe onderneem waardeur Afrikaans op verskillende terreine bevorder is. Hiervan is die stigting van Akademia, ’n privaat hoërondewysinstelling, onteenseglike getuigenis van ’n voortgesette betrokkenheid by die handhawing van Afrikaans as wetenskapstaal.

Die redaksie beplan ’n temanommer oor huidige en toekomstige inisiatiewe rakende Afrikaans, waarin herbesinning oor vroeëre optredes en standpunte beslis ook sal figureer. Prof. Wannie Carstens sal as gasredakteur optree en belangstellendes word versoek om aan hom te skryf by: wannie.carstens@nwu.ac.za.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

E-posadres: publikasies@akademie.co.za